

INHOUD/CONTENTS

- 'n Dekade vir Hardus
- Crop Estimate
- Annual General Meeting (AGM)
- Opkomende Snoeidae in Julie 2023
- Henry Losper volg sy droom

'n Dekade vir Hardus

10 jaar al! Wie sou kon dink dat die "bietjie uithelp" met " 'n paar proewe" vir Hardus 'n loopbaan sou word?

In 2013 het die statutêre heffing in werking getree. Uiteindelik was daar 'n bietjie geld beskikbaar om navorsingsprojekte mee te finansier. Kwessies wat pekanboere lank reeds bekommer het, kon nou aangespreek word deur verskillende bekwame landbounavorsers. Maar wie sou dit alles koördineer? Die einste bekommerde boere was besig om neut te produseer en het nie die tyd gehad om saam met navorsers ondersoek in boorde oor die hele land te doen nie. Iemand moes gevind word vir hierdie taak. Die persoon moes intelligent en betroubaar wees, kennis hê van -en entoesiasies wees oor pekanboerdery, goed met mense oor die weg kom en bereid wees om dae en weke weg van die huis te spandeer. Wat 'n dilemma vir SAPPA se bestuur!

Gelukkig het 'n paar van die bestuurslede reeds met hierdie "outjie van Tadcaster" te doen gehad en voorgestel dat Hardus du Toit " 'n bietjie uithelp". Gou het die bestuur besef dat geen van die navorsingsaksies kon voortgaan sonder hierdie tegniese ondersteuning van SAPPA se kant af nie. Die mate waartoe Hardus die werk verstaan en laat vlot het, het hom in 'n kort tyd eenvoudig onmisbaar gemaak.

Hardus en SAPPA is na 10 jaar al byna sinoniem met mekaar, en sy kennis en ondervinding van pekanverbouing is sonder gelyke in Suider Afrika. Die tegniese afdeling het uitgebrei en Hardus en sy span, Ivan Schubach en Kele Boitshoko bedien ook die groeiende opkomende pekanboer afdeling met sukses.

Maar dis nie net in sy werk waar hy vooruitgegaan het nie, sy sjarme het ook 'n sekere dame, Lindique, bekoor en na 8 jaar se getroude lewe is daar nou ook Gideon en AnnaBeth wat meeding vir aandag in Hardus se besige skedule.

Wat veral van Hardus opval, is sy eindlose geduld met beteweterige pekanboere, (veral die wat nog nie een boom in die grond het nie). En daar is gerugte dat hy 'n "kickback" van selfoonmaatskappye kry, want die aantal oproepe en die tyd wat hy op die foon spandeer is vir hulle goud werd.

Hardus, dankie vir die eerste 10 jaar en ons vra: sal jy nog so 10 jaar "uithelp"?

Dries Duvenhage

Crop Estimate

The July estimate showed a further downward trend. The total crop is estimated to be in a band between 23 000 and 24 200 tons, with between 20 700 and 21 800 tons available for in-shell exports.

Annual General Meeting (AGM)

This year the SAPPA Annual General Meeting and Information Day will take place in **Region 2**, at Galagos Country Estate, Donkerhoek near Rayton, on **20 and 21 October**.

We look forward to welcome you all.

Opkomende Snoeidae in Julie 2023:

Datum: 20 Julie 2023

Plek: De Oude Voor, Skuinsdrif, Groot Marico, Noord-Wes

Tyd: 09:00 – 13:00

RSVP by Hardus du Toit

083 465 6522

Datum: 21 Julie 2023

Plek: Skeerpoort, Noord-Wes

Tyd: 8:30 – 15:45 Snoeiopleiding en demonstrasies, braai vind plaas vanaf 16:00.

RSVP by Daniel Boucher

079 389 5713

Datum: 25 en 26 Julie 2023

Plek: Vaalharts, Noord-Kaap

Tyd: Sal nader aan die dag op webtuiste beskikbaar wees.

RSVP teen 19 Julie 2023 by Christelle Stomann

079 522 6294

Verdere datums vir snoeidae in Hartbeesfontein, Heidelberg en Winterton sal beskikbaar wees op die SAPPA webtuiste nader aan die tyd onder "Events".

Henry Losper volg sy droom

Terwyl hierdie ambagsman op die Komani myn buite Kathu gewerk het, het die droom om te boer aan hom bly toring. In 2013 neem hy die groot stap en koop 'n plaas in die Groblershoop omgewing met die plan om met vee te boer. Sy paaie kruis egter met dié van Dirk Louw en Johan Coetzee en hulle oortuig hom om wel 'n paar pekanbome te plant.

Henry erken dat die keuse om te boer nie 'n maklike pad was nie en dat daar verskeie uitdagings was en steeds is, maar vandag staan sy pekanboerdery wat met een hektaar begin het op 'n volle 17 hektaar!

Henry is baie dankbaar vir SAPPA se volgehoue ondersteuning die afgelope 10 jaar en noem dat die gereelde besoeke van SAPPA beamptes en tegniese bystand vir hom baie beteken.

Hou aan droom Henry!



Foto's: "Henry in sy pekanboord." en "SAPPA ondersteun deur besproeiingspype af te laai om leivore te vervang."

SAPPA Greetings / SAPPA Groete

T: (021) 870 2900 | E: admin@sappa.za.org | PO Box 163, PAARL, 7620

www.sappa.za.org

Share this email:



Manage your preferences | **Opt out** using TrueRemove®

Got this as a forward? **Sign up** to receive our future emails.

View this email **online**.

PO Box 163
Paarl, | 7620 ZA

This email was sent to .

Continue receiving our emails, add us to your address book.